# *Romans - Righteousness Revealed & Required IV*

# *Romans - Righteousness Revealed & Required IV*

| | | |
|---|---|---|
| Twee FEDERALE (VERTEENWOORDIGENDE) **HOOFDE** van die MENSDOM | **ADAM** | **CHRISTUS** |
| Twee **HANDELINGE** | ONGEHOORSAAMHEID & OORTREDING | GEHOORSAAMHEID & GEREGTIGHEID |
| Twee **RESULTATE / GEVOLGE** | VEROORDELING & VERNIETIGING | VRYSPRAAK & REGVERDIGMAKING |
| Twee **WETTE** | SONDE wat REGEER tot DOOD | GENADE wat REGEER tot LEWE |
| Twee verskillende **GEESTELIKE TOESTANDE** | VEROORDEELDE mense, SLAWE van SONDE & DOOD | VERGEEFDE, REGVERDIGE mense wat REGEER in LEWE |

# *Romans - Righteousness Revealed & Required IV*

| | |
|---|---|
| **BEHOEFTE:** VERGIFNIS<br>(Straf) | **BEHOEFTE:** BEVRYDING<br>(Mag) |
| ALLES **GEDOEN**<br>(Verlede) | WIE EK STEEDS **IS**<br>(Hede) |
| **BLOED** VAN CHRISTUS<br>(Rom 5) | **KRUIS** VAN CHRISTUS<br>(Rom 6) |
| Van 'BUITE' vir **VERGIFNIS** | Van 'BINNE' vir **OORWINNING** |
| SONDESKULD → VERGIFNIS (**BLOED**) | OUE MENS → OORWINNING (**KRUIS**) |
| JESUS SE **STERWE** | JESUS SE **LEWE** |

# ***OORWINNING*** *oor* ***SONDE.***

# **Romeine 6:1-23**

*'Wat sal ons dan sê? Sal ons in die sonde bly, dat die genade meer kan word?'*

# **Romeine 5:20-21**

*'...waar die sonde meer geword het, het die genade nog meer oorvloedig geword; sodat, soos die sonde geheers het in die dood, so ook die genade kan heers deur die geregtigheid tot die ewige lewe deur Jesus Christus, onse Here.'*

# Romeine 6:1-23

*'Nee, stellig nie! Ons wat die sonde afgesterf het, hoe kan ons nog daarin lewe?'*

# Romeine 6:1-23

*‘Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie?’*

# Romeine 6:1-23

*'Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel.'*

# **Romeine 6:1-23**

*‘Want as ons met Hom saamgegroei het deur die gelykvormigheid aan sy dood, sal ons dit tog ook wees deur dié aan sy opstanding; aangesien ons dit weet dat ons oue mens saam gekruisig is,…*

# Romeine 6:1-23

*'…sodat die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word en ons nie meer die sonde sou dien nie.'*

# **Romeine 6:1-23**

*'Want hy wat gesterf het, is geregverdig van die sonde. As ons dan saam met Christus gesterf het, glo ons dat ons ook saam met Hom sal lewe, omdat ons weet dat Christus, nadat Hy opgewek is uit die dode, nie meer sterf nie. Die dood heers oor Hom nie meer nie. Want die dood wat Hy gesterf het, het Hy vir die sonde eens en vir altyd gesterwe; maar die lewe wat Hy leef, leef Hy vir God.'*

# Romeine 6:1-23

*'So moet julle ook reken dat julle wel vir die sonde dood is, maar lewend is vir God in Christus Jesus, onse Here. Laat die sonde dan in julle sterflike liggaam nie heers dat julle aan sy begeerlikhede gehoorsaam sou wees nie. En moenie julle lede stel tot beskikking van die sonde as werktuie van ongeregtigheid nie, maar stel julleself tot beskikking van God as mense wat uit die dode lewend geword het, en julle lede as werktuie van geregtigheid in die diens van God.'*

# Romeine 6:1-23

*'Want die sonde sal oor julle nie heers nie; want julle is nie onder die wet nie, maar onder die genade. Wat dan? Sal ons sonde doen, omdat ons nie onder die wet is nie maar onder die genade?'*

# Romeine 6:1-23

*'Nee, stellig nie! Weet julle nie dat aan wie julle julself as diensknegte tot beskikking stel om hom gehoorsaam te wees, julle diensknegte is van hom aan wie julle gehoorsaam is nie òf van die sonde tot die dood, òf van die gehoorsaamheid tot geregtigheid?'*

# Romeine 6:1-23

*'Maar ons dank God dat julle wel diensknegte van die sonde was, maar van harte gehoorsaam geword het aan die voorbeeld van die leer wat aan julle oorgelewer is, en, vrygemaak van die sonde, het julle diensbaar geword aan die geregtigheid.'*

# Romeine 6:1-23

*'Ek spreek menslikerwys ter wille van die swakheid van julle vlees; want net soos julle jul lede diensbaar gestel het aan die onreinheid en wetteloosheid om wetteloos te wees, so moet julle nou jul lede diensbaar stel aan die geregtigheid tot heiligmaking.'*

# **Romeine 6:1-23**

*'Want toe julle diensknegte was van die sonde, was julle vry van die geregtigheid. Watter vrug dan het julle toe gehad van die dinge waaroor julle jul nou skaam? Want die uiteinde daarvan is die dood.*

# Romeine 6:1-23

*'Maar nou dat julle vrygemaak is van die sonde en diensbaar geword het aan God, het julle jul vrug tot heiligmaking en uiteindelik die ewige lewe.'*

# Romeine 6:1-23

*‘Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here.’*

*‘Work hard for sin your whole life and your pension is death. But God’s gift is real life, eternal life, delivered by Jesus, our Master.’*

***SONDIGE NATUUR → OUE MENS → MANIFESTASIE van SONDE***

# *Efesiërs 4:17-24*

*'Dit sê en betuig ek dan in die Here, dat julle nie meer moet wandel soos die ander heidene ook wandel in die verdwaasdheid van hulle gemoed nie - mense wat verduisterd is in die verstand en vervreemd van die lewe van God deur die onkunde wat in hulle is vanweë die verharding van hulle hart; wat ongevoelig geword het en hulle oorgegee het aan die ongebondenheid om in hebsug allerhande onreinheid te bedrywe.'*

# *Efesiërs 4:17-24*

*'Maar julle het Christus nie so leer ken nie, as julle ten minste van Hom gehoor het en in Hom onderrig is soos die waarheid is in Jesus: dat julle, wat die vorige lewenswandel betref die oue mens moet aflê wat deur die begeerlikhede van die verleiding te gronde gaan, en dat julle vernuwe moet word in die gees van julle gemoed en julle met die nuwe mens moet beklee wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid.*

*Drie eenvoudige PROGRESSIEWE STAPPE:*

***WEET, REKEN & STEL…***

***KNOWING, RECKONING & PRESENTING…***

# **Galasiërs 2:20**

*‘Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het.’*

*‘I have been crucified with Christ and I now no longer live, but Christ lives in me. And the life I now live in the flesh I live by faith in the Son of God who loved me and gave Himself for me.’*

# *Romans - Righteousness Revealed & Required IV*